

5 Desember

Jesaja 40:12-31 (40:18,25)

Pas die ware God binne jou prentjie?

Ons het as mense dikwels 'n innerlike neiging om God te wil inpas in 'n bepaalde prentjie van Hom sodat ons Hom kan verstaan. Ons wil God se dade voorspelbaar maak en dit wat met ons gebeur volgens ons prentjie van God verklaar. Ons sal byvoorbeeld eensydig sê "God is die Skepper en Heerser, ver bo ons verhewe" óf "God is liefde en genadig en intiem by ons betrokke" óf "God is die Regter wat kom oordeel". En soos jy Hom definieer, so beleef jy Hom en aanbid en dien jy Hom. Vir dieselfde rede het mense destyds vir hulle afgodsbeelde gemaak en so die heerlijkheid van die ware onverganklike God gereduseer en vir hulle eie verganklike afgod verruil. En so het hulle verlies gely aan 'n lewende verhouding met die enigste ware God wat hulle kon help. So 'n afgod is wel gebruikersvriendelik, maar as die krisis kom is hy nie veel werd nie.

Probeer jy ook God tot 'n enkele definisie of 'n paar mensgemaakte idees reduceer sodat Hy by jou pas? Hier word jy gevra: "Met wie kan julle God dan vergelyk? Met watter beeld kan julle Hom gelykstel... wie is soos Ek? vra die Heilige" (Jes. 40:18,25). Daar is immers niemand soos Hy nie en Hy kan met niemand vergelyk word nie (Jes. 46:5, 9b). Hy is Totaal Anders want Hy is God!

En dis een van die dinge wat ons in Jesaja 40 leer: God is te groot vir ons prentjie. Daarom moet ons eerder in nederigheid leer wat ons plek in sy groot prentjie, in sy groot plan is. Leer God ken as die verhewe Skeppergod (Jes. 40:12) vir Wie niemand raad of rigting kan gee nie (Jes. 40:13-14). Die God wat met presiese betrokkenheid by sy skepping elke ster gemaak het en sorg dat elkeen in sy plek bly (Jes. 40:26). Maar ook 'n God wat vir jou en my in ons nood raaksien en in liefde nuwe krag en moed wil gee. Aanvaar die uitdaging om die ware lewende God te leer ken soos Hy Hom in sy Woord en in die skepping bekendmaak.

Sing: Psalm 145:2, 10, 12

Dr. J.W. Oostenbrink (Bergbron)